# 'N OPSOMMING VAN RESIESDAG

In 'n atleet-tevredenheidsopname is Mosselbaai met die 3de plek wêreldwyd bekroon as gasheer vir die IRONMAN 70.3. Dit is n besonderse prestasie aangesien die dorp die geleentheid vir die eerste keer aangebied het in 2022. In die top 2 posisies is Chattanooga (VSA) en Port Macquarie (Australië), wat die geleentheid reeds etlike jare aanbied.

"Ons bedank Mosselbaai vir die verwelkoming van die atlete en besoekers. Die ondersteuning maak 'n groot verskil in die kwaliteit van die byeenkoms en die atlete se ervaring daarvan," sê Werner Smit, projekkoördineerder.

**IRONMAN 70.3 keer op Sondag, 19 November 2023 terug na Mosselbaai**

Hier is noemenswaardige inligting oor die geleentheid.
**NEEM KENNIS VAN DIE GRAFIKA INGESLUIT DIE BESONDERHEDE RAKENDE PADSLUITINGS**

1. **Wat is die afdelings van IRONMAN 70.3?**
- 1,9 km swem (Santos na De Bakke)
- 90 km-fietsry (De Bakke na Herbertsdale – Louis Fourieweg, die N2-rigting Kaapstad en die R327. **(Sien grafika ingesluit)**
- 21,1 km draf (De Bakke tot by die Punt – sentraal Mosselbaai. **(Sien grafika ingesluit)**

2. **Wat is die hooftydgleuwe?**
- Professionele mans - swem begin: 06:30
- Professionele vroue - swem begin om 06:35
- Ouderdomsgroepatlete begin om 06:45 in 'n rollende formaat (10 mense begin in 10 sekondes tussenposes vanaf 06:45 tot 07:20)
- Oorgang 1 (swem na fietsry) sal atlete tussen 06:55 en 08:30 hê
- Die fietsbaan sal atlete tussen 06:55 en 13:00 hê
- Oorgang 2 (fietsry na hardloop) sal atlete tussen 09:00 en 13:00 hê
- Die drafbaan sal atlete tussen 09:00 en 15:55 hê

3. **Wanneer word die eerste atlete verwag?**
- Eerste uit die water om 06:55
- Eerste klaar met die fietsry om 09:05
- Eerste drawwer om 10:20

**NEEM KENNIS: WEDLOOP EINDIG OM ONGEVEER 16:00 BY SANTOS-STRAND**

4. **Waar is die toeskouer-uitkykpunte?**
- Santos-strand (swem begin en einde)
- De Bakke-strand (oorgang en swemuitgang)
- Hawe (draf)
- Blandstraat en Stasiestraat tot by Beach-weg (draf)
- The Point (draf)

5. **Hoe laat sal verkeersvloei terugkeer na normaal?**
- Fietsry:
  - R327 – 12:30 (heropen)
  - Louis Fourie – 12:45 (heropen)
  - Bakke/Marshstraat – 13:30 (heropen)

**NEEM KENNIS: Op Louis Fourieweg** sal buitebane aan voertuigverkeer en binnebane aan fietsryers toegewys word. Kruispunte is vasgestel en sal beman word - **sien grafika**. N2 – rigting Kaapstad, 'n stop-en-ry sal in plek wees by die afdraai na die R327 – **sien grafika.** R327 – gesluit tot 12:30 – **sien grafika**

- Draf:
  - Georgeweg - 04:00 tot 16:30
  - Blandstraat – 04:00 tot 16:30

**NEEM KENNIS: Vir toegangspunte, sien grafika.**

**6. Wat gebeur in geval van nood?**
'n Operasionele sentrum sal geaktiveer word tydens die geleentheid waar munisipale en provinsiale verkeer, die Suid-Afrikaanse Polisiediens asook rampbestuur teenwoordig sal wees om reaksie met betrekking tot noodgevalle te koördineer.

## Kontak die sentrum op resiesdag by 079 266 6263.

**SONDAG 19 NOV 2023**

ISUZU IRONMAN 70.3 MOSSEL BAY SOUTH AFRICA
AFRICAN TRICLUB CHAMPIONSHIP

KNIP UIT & HOU

# PADSLUITING:

## Alles wat jy moet weet rakende RESIESDAG!

**PAAIE RONDOM MOSSELBAAI WAT GERAAK WORD:**
Motoriste word versoek om geduldig te wees en ekstra reistyd toe te laat.

**R327 (tussen die N2-kruising en Peach Grove-kruising 5 km voor Herbertsdal**
- **Heeltemal gesluit vanaf 06:30 12:30.**
- Alternatiewe roetes: Via Albertinia/Kleinberg in die weste OF Brandwacht/ Hartebeesuildam in die ooste.

**N2 (tussen Louis Fourieweg en R327 interseksie)**
- **Baanbeperking vanaf 06:30 – 12:30.**
- Hierdie 3 km-gedeelte van N2 in beide rigtings sal tot 'n 60 km/h-sone verminder word
- Die binnebaan sal gereserveer word vir atlete wat fietsry.
- Die buitenste bane sal oop wees vir voertuigverkeer.
- Die N2 se ooswaartse baan sal 'n stop-en-ry-punt wees by die R327-afdraai. Verkeerspersoneel sal die verkeer beheer.

**Louis Fourieweg (tussen Marshstraat en N2)**
- **Baanbeperkings vanaf 05:00- 14:00.**
- Hierdie gedeelte van Louis Fourie sal tot 'n 60km/h-sone verminder word.
- Die binnebaan sal gereserveer word vir atlete wat fietsry.
- Die buitenste bane sal oop wees vir voertuigverkeer.

**DIE ENIGSTE KRUISPUNTE OP LOUIS FOURIEWEG IS:**
**NEEM KENNIS: Hierdie punte sal beman word deur verkeers-personeel wat die kruisings sal beheer.**
- Marshstraat-brug
- Interseksie by Schoeman/Da Gamastraat
- Interseksie by Melkhout/Mosselstraat
- Interseksie by Essenhout/Grunterstraat
- Intrseksieby Mayixhale/Spekboomstraat
- Florawag

**NOTA: Crotzstraat sal GESLUIT WEES.**

**NEEM KENNIS:**
- 'n Aansoek om vrystelling van geraasbeheerregulasies is met betrekking tot sekere areas bekom.
- **Geen openbare swem of branderplankry** word toegelaat op Santosstrand tot by De Bakke nie, vanaf sonop tot 09:00 nie

**SONDAG 19 NOV 2023**

**PAAIE EN STRATE IN MOSSELBAAI WAT GERAAK WORD:**
**Louis Fourieweg (tussen Bakkestraat en Marshstraat)**
- **Heeltemal gesluit vanaf 06:00 – 13:30.**
- Alternatiewe roete: Gebruik die ompad tussen Bakkestraat, Fairview en Marshstraat, Da Nova en Eilandstraat, Alhof-rylaan en Da Gamastraat. (Ompad beweeg verby Ridgeview Primere Skool en Da Nova SuperSpar). 'n Alternatiewe opsie is die gebruik van die N2 tussen Voorbaai/Hartenbos en Sentraal/Heiderand/KwaNonqaba/Danabaai.

**Georgeweg:**
- **Geraak vanaf 04:00 - 16:30.**
- Gesluit tussen Louis Fourieweg en Rudie Barnardstraat: Inwoners van De Bakke kan 6de Laan / Marshstraat as 'n toegangspunt gebruik.
- Tussen Kerkstraat en Rudie Barnardstraat: Baan beperkings sal in plek wees. Die weswaartse baan is oop vir verkeer vanaf Kerkstraat tot by Rudi Barnardstraat.
- Kerkstraat is 'n kruispunt vir voertuigverkeer na die hawe, Dias Museum, Protea Hotel en die Checkers-sentrum.

**Blandstraat:**
- **Geraak vanaf 04:00 - 16:30.**
- Kerkstraat en Beachstraat: Beachstraat is kruispunt vir verkeer na die hawe, Hek 3. Inwoners van Daleystraat, Huckle Straat en Beacon Point gebruik Beachstraat as 'n toegangspunt tot Mosselbaai se sakekern.
- Tussen Puntweg en Kloofstraat: Baanversperrings sal in plek wees. Die weswaartse baan is oop vir verkeer vanaf Puntweg tot Beachstraat. Inwoners van Point Village mag slegs regs draai uit Wallacestraat in die rigting van Mosselbaai se sakekern.

**Munrostraat:**
- **Geraak vanaf 04:00 - 16:30.**
- Gesluit tussen Georgeweg en die Dias Museum - onderste hek: Een baan is gereserveer vir inwoners om uit te gaan via die haweweg tussen 04:00 en 08:45. Voertuie sal weers weer na 16:30 kan terugkeer.
- Besoekers aan Santosstrand, Santos Express en Jackal on the Beach kan parkeer en stap vanaf Munrostrand. Gebruik Kerkstraat om Georgeweg te kruis.

**Stasiestraat**
- **Geraak vanaf 04:00 - 16:30.**
- Tussen Kerkstraat om Georgeweg oor te steek: Gebruik Kerkstraat

**Kuswandelpad**
- **Geraak vanaf 08:00 - 16:30.**
- • Vanaf Kloofstraat tot Puntweg: Atlete gebruik die kuswandelpad in die rigting van die punt.

**NOODNOMMER VIR PUBLIEKE GEBRUIK – 079 266 6263**

KNIP UIT & HOU

# RESIESDAG :
# FIETSRY




KNIP UIT EN HOU




KNIP UIT EN HOU

Mosselbaai

KNIP UIT & HOU

# RESIESDAG :
# FIETSRY

IRONMAN 70.3 Mossel Bay | Traffic Plan 2023 | Slide 16




KNIP UIT EN HOU

IRONMAN 70.3 Mossel Bay | Louis Fourie Road/ Marsh Street intersection 06:15-13:30




KNIP UIT EN HOU

Mosselbaai

KNIP UIT EN HOU

# RESIESDAG :
# DRAF

IRONMAN 70.3 Mossel Bay | Bakke Street/ Louis Fourie intersection 06:15-13:30




KNIP UIT EN HOU




KNIP UIT EN HOU

Mosselbaai

KNIP UIT EN HOU

# RESIESDAG :
# DRAF




KNIP UIT EN HOU




KNIP UIT EN HOU

Mosselbaai

KNIP UIT EN HOU